STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

Voorskrifte soos bepaal deur artikel 14 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet No. 2 van 2000.

Inleiding

Stellenbosch Munisipaliteit is die plaaslike owerheid wat jurisdiksie het oor die dorpe Stellenbosch, Pniel en Franschhoek.

Artikel 14(1)(a)

Die magte en funksies van die openbare liggaam word daaraan toegewys ingevolge artikels 156 en 229 van die Grondwet en word verder bepaal deur die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, No. 117 van 1998. Die strukture spruit voort uit artikels 79 en/of 80 van genoemde Wet.

Besluitneming deur die openbare liggaam word deur die Raad en die Uitvoerende Komitee beheer, met die munisipale bestuurder en 8 departementele bestuurders wat ingevolge wetgewing gedelegeerde en oorspronklike magte het.

Die magte en funksies van munisipaliteite is soos volg:

(1) 'n Munisipaliteit het uitvoerende gesag ten opsigte van en die reg tot administrasie van –

(a) die plaaslike regeringsaangeleenthede soos gelys in Deel B van Bylae 4 en Deel B van Bylae 5 van die Grondwet, en

(b) enige ander aangeleentheid wat deur nasionale of provinsiale wetgewing daaraan toegewys is.

(2) 'n Munisipaliteit kan verordeninge maak en toepas vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat dit die reg het om te administreer.

(3) Onderhewig aan artikel 151(4) van die Grondwet, is 'n verordening ongeldig indien dit strydig is met nasionale of provinsiale wetgewing. Indien daar 'n teenstrydigheid is tussen 'n verordening en nasionale of provinsiale wetgewing wat nie in werking is nie as gevolg van 'n teenstrydigheid waarna in artikel 149 van die Grondwet verwys word, moet die verordening as geldig geag word vir so lank as wat daardie wetgewing buite werking is.

(4) Die nasionale regering en provinsiale regerings moet volgens ooreenkoms en onderworpe aan enige voorwaardes, die administrasie van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 van die Grondwet gelys is en wat noodwendig met plaaslike regering verband hou, aan 'n munisipaliteit toewys, indien –

(a) daardie aangeleentheid plaaslik die doeltreffendste geadministreer sal word, en

(b) die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer.

(5) 'n Munisipaliteit het die reg om enige mag aangaande 'n aangeleentheid uit te oefen wat redelikerwys nodig is of bykomend is vir die doeltreffende uitvoering van sy funksies.

Artikel 14(1)(b)

Straatadres:	Pleinstraat, Stellenbosch, 7600
Posadres:	Posbus 17, Stellenbosch, 7599
Telefoon:	+27 [0]21 808 8111
Faks:	+27 [0]21 808 8200
Elektroniese pos:	municipality@stellenbosch.org
Vir aandag:	Hoof: Regsdienste

Artikel 14(1)(c)

Die voorgenome voorskrifte kragtens artikel 10 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting ("die Wet") is nie gepubliseer nie.

Artikel 14(1)(d)

Klassifikasie van rekords:

Bedryf	Menslike hulpbronne	Finansies
• Agendas + notules van vergaderings • Kontrakte met eksterne partye • Eiendomsbeskrywings en besonderhede wat daarmee verband hou • Besonderhede oor aangeleenthede • Registrasiedienste met al die administratiewe lêers • GOP-verwant	• Dienskontrakte • Personeellêers • Beleidsdokumente	• Finansiële state • Bate-inventaris • Rekords van dienste gelewer aan erwe • Begrotings • Inkomste- en uitgawe-transaksies

Meer volledige inligting kan bekom word by www.stellenbosch.org.

Vorm van versoek
Die aansoeker moet die voorgeskrewe vorm gebruik vir die versoek om toegang tot ’n rekord te verkry. Die versoek moet aan die hoof van die openbare liggaam gerig word. Die versoek moet gedoen word by die adres, faksnommer of elektroniese adres van die liggaam soos hierbo aangedui.

Die aansoeker moet voldoende inligting op die aansoekvorm verskaf ten einde die hoof van die openbare liggaam in staat te stel om die rekord en die aansoeker te identifiseer. Die aansoeker moet ook aandui watter vorm van toegang verlang word en of enige ander wyse gebruik moet word om die aansoeker in te lig en die nodige besonderhede verstrek om só ingelig te word.

Die aansoeker moet die reg wat verlang of beskerm moet word, identifiseer en ’n verduideliking bied waarom die rekord soos versoek benodig word vir die beoefening of beskerming van daardie reg.

Indien ’n versoek namens iemand anders gedoen word, moet die aansoeker tot bevrediging van die hoof van die openbare liggaam bewys lewer van die hoedanigheid waarin die aansoeker die versoek doen.

Fooi
Daar word nie van ’n aansoeker wat toegang verlang tot ’n rekord wat persoonlike inligting omtrent daardie aansoeker bevat, verwag om aansoekgeld te betaal nie. Elke ander aansoeker, wat nie ’n persoonlike aansoeker is nie, moet die vereiste aansoekgeld betaal.

Die hoof van die openbare liggaam moet die aansoeker (in ander gevalle as ’n persoonlike aansoeker) per kennisgewing in kennis stel en die aansoeker versoek om die voorgeskrewe fooi te betaal (indien enige) voordat die versoek verder geprosesseer word.

Nadat die hoof van die openbare liggaam ’n besluit oor die versoek geneem het, moet die aansoeker met die nodige vorm in kennis gestel word.

Indien die versoek toegestaan word, moet verdere toegangsgeld betaal word vir die soektog, reproduksie, voorbereiding en enige tyd wat die voorgeskrewe aantal uur vir die soektog na en voorbereiding van die rekord vir bekendmaking oorskry het.

Artikel 14(1)(e)

Geen kennisgewing is kragtens artikel 15(2) van die Wet gepubliseer nie.

Artikel 14(1)(f)

Die onderstaande dienste word deur die openbare liggaam verskaf:
- Finansiële dienste
- Openbare veiligheid

- Beplanning en ekonomiese ontwikkeling
- Gemeenskapsdienste
- Korporatiewe dienste
- Elektrotegniese ingenieursdienste
- Ingenieurs- en tegniese dienste
- Strategiese bestuursdienste
- Algemene inligting

Persone wat toegang tot enige van hierdie dienste wil verkry, kan navrae rig aan die Hoof: Regsdienste, wat telefonies bereik kan word by (021) 808 8106, per faks by (021) 808 8200 of per e-pos by municipality@stellenbosch.org. Inligting kan daarbenewens ook verkry word van die openbare liggaam se webtuiste by www.stellenbosch.org.

Artikel 14(1)(g)

Vergaderings van die raad is oop vir bywoning deur die publiek.
Openbare verteenwoordiging in ’n aantal aangeleenthede word aangemoedig.

Artikel 14(1)(h)

Administratiewe optrede deur die openbare liggaam kan oor die geheel hersien word.